God maak ons kommervry oor sy sorg en sorgsaam in ons eie werk

Ds. PJ Kriel Oujaarspreek 01.01.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges God se getuies in die wêreld en nie God se mede-bestuurders in die wêreld is nie. Hulle kommervryheid in God se sorg oor sy beskikking van wêreldgebeure wys in hulle sorgvuldigheid met hulle werksaamheid waarmee hulle God vereer. Hulle is kommervry oor God se sorg en sorgsaam in hulle eie werk vir God. Dit wys ook dat geestelikes gelowiges angstig oor God se sorg wil maak om god se mede-bestuurders van sy voorsienigheid te probeer maak – wat hulle as missionaliteit benoem het. .

Skriflesing Handelinge 1: 6 -8; Matteus 6: 25 – 34, 5: 13 – 16.

Teks Matteus 5: 16 " Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik."

Tema God maak ons kommervry oor sy sorg en sorgsaam in ons eie werk

1. In Handelinge 1 vers 6 vra die dissipels vir die Here of Hy nou dat nadat Hy uit die dood uit opgestaan het Hy die koninkryk van Israel weer gaan oprig. Hierdie vraag is eintlik in 'n sekere sin 'n herhaling van hulle reaksie op die Here se drie lydensaankondigings op pad na Paasfees (Luk. 9:22, 9: 43 - 45-45, 18: 31- 34). Hulle sien al weer dat Jesus met die mag van God alle nasies aan God se nasie, Israel, gaan onderwerp. God se koninkryk is vir hulle nog steeds God se magtige voorsienige beskikking van die wêreldgebeure en die bestuur van die verloop van die geskiedenis van die wêreld.

Die Here hoor en antwoord die bedoeling van hulle graag: Christus het hulle uitgesonder deur aan hulle na sy opstanding te verskyn en gaan hulle nou belangrike rolspelers maak in God se wêreldplan en bestuur van die wêreld.

Die Here wys hulle opvatting en verwagtings skerp tereg – dit is nie vir hulle om tye en spesifieke geleenthede te ken wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Met hierdie teregwysing wys die Here hulle dat hulle nie omdat hulle die opgestane Here gesien het nou skielik mede-kenners, medewerkers, mede-besluitnemers en medebestuurders van God die gebeure binne God se wêreldplan geword het nie.

Hierdie teregwysing gaan oor die betekenis van hulle vereniging met Christus. Hulle ken Hom in sy lyding, kruisiging en opstanding en Hy het aan hulle verskyn na sy dood. Dit gee hulle 'n besondere posisie en plek in die wêreld. Maar dit is nie om mede-kenners en medebestuurders van God se wêreldplan te wees nie.

Die Here wys dat hulle besondere posisie in die wêreld is om sy getuies te wees. – getuies van sy lyding en opstanding waardeur Hy sondaars se sondes gaan vergewe, (Luk. 24: 45 -49). Maar hulle het geen besondere plek in die voorsienige bestuur van God in die wêreld nie. Hulle sal nie eers weet van die tye en geleenthede waarop God gaan besluit en laat gebeur in sy wêreldbestuur nie.

God se versorgde kinders is getuies van sy liefde vir sy kinders, nie mede-kenners en bestuurders van sy wêreldplan nie.

God maak ons kommervry oor sy sorg en sorgsaam in ons eie werk

2. Die Here openbaar in Mat. 6: 25 – 34 met die voorbeeld van die lelies van die veld en voëls hoe sy dissipels God se versorgde kinders is. Christus stel die ironie dat ons elke dag kommerloos oor God se sorg in die toekoms kan leef binne die kwaad van elke dag. Kinders van God is nie sorgloos nie, maar kommerloos oor wat met hulle in die dag van more, dit is die toekoms gaan gebeur.

Die rede hiervoor is dat hulle die geregtigheid van die koninkryk van God gesoek en gevind het.

Wat die koninkryk van God is kondig die Here Jesus in die laaste verse van Matteus 28 aan. Alle mag op hemele en op aarde is aan Hom gegee om God met ons te wees. (Mat. 28: 18 en 20) Christus is met alle mag op hemel en aarde elke besig om ons reinig te laat wees van ons sonde. Christus maak met alle mag God sy vader ons Vader sodat ons elke dag in sy liefde leef en ons liefde met al ons sonde vir Hom geheilig is. Dit doen Christus deur sy geregtigheid as mens wat sondeloos vir sonde gely en betaal het, ons geregtigheid te laat wees. Christus se geregtigheid maak ons lewe en werk vir God reg. Dit is die geregtigheid van Christus se koninkryk. So maak Christus ons kommerloos oor ons sonde, God se liefde vir ons en of ons liefde vir God goed en reg genoeg is.

Wie hierdie geregtigheid van die koninkryk van Christus gevind het, weet ook dat Hy met alle mag op hemel en op aarde vir my sorg soos Hy vir die lelies van die veld en die voëls sorg. In die sekerheid dat Hy net soos Hy met alle mag my vir die Vader se liefde reg laat wees, gee Christus vir my die sekerheid dat Hy met alle mag my vir my daaglikse behoeftes versorg.

In hierdie sorg van die Here ontdek kinders van God die verskil tussen bekommernis oor die wêreldgebeure en wêreldplan van God, en die sorgsaamheid en sorgvuldigheid met die werk waarmee ons besig moet wees as kinders van die Here. God alleen bestuur die wêreldgebeure so dat Hy met alle mag op hemel en aarde ons versorg – daarom is ons oor die toekomstige wêreldsituasie en wêreldgebeure kommervry. Dit maak ons vry om besorg te wees en sorgvuldig te wees met die goeie werke waarmee ons elke dag vir die Here besig moet wees: ons gewone werk, gesinslewe en verhoudings.

3. Vir die besondere posisie waarin ons eenheid met Jesus Christus as die Here met alle mag ons plaas – het Christus self benoem as “om getuies te wees”. Dit stel die Here in Luk. 24: 48 en Hand. 1: 8: ons is getuies van Jesus Christus. Ons is nie mede-kenners of medewerkers in God se wêreldplan nie. Nee, ons vereniging met Jesus Christus maak ons God se getuies van Christus binne God se wêreldplan en die wêreldgebeure wat Hy alleen ken en beskik,

.

Die kerk het met sy kerklike taal die betekenis van die woord “Getuie” vir Christene al totaal verwring en korrup gemaak. Hierdie woord “ Getuie” word vandag verstaan as net nog een van die aktiwiteite van ‘n gemeente waaraan lidmate volgens talent en behoefte kan deel neem. “Om te getuig” is net nog een van die aktiwiteite van die gemeente soos jeugwerk, kategese, die instandhouding van eiendomme, finansies en as jy in die Weskaap bly, spiritualiteit.

God maak ons kommervry oor sy sorg en sorgsaam in ons eie werk

Dit is ‘n verwronge en korrupte opvatting oor hoe christene getuig en getuies is.. Hierdie woord waarmee die Here sy dissipels mee benoem beskryf nie ‘n kerklike aktiwiteit of die werksaamheid van ‘n kerkkommissie nie. Om ‘n getuie te wees beskryf kinders van God se posisie binne die wêreldplan van God en die wêreldgebeure wat God beskik.

Getuie wees is om lig in en sout vir die wêreld te wees. Om lig en sout te wees is nie ‘n gemeentelike aktiwiteit nie. Dit is die bedoeling van posisie van elke kind van God in die wêreld. Die lig en sout wat kinders van God in en vir die wêreld is, is hulle goeie werke. In die wyse waarop kinders van God besig is met die gewone werksaamhede van die lewe, wys en is iets sigbaar – hierdie mense het ‘n Versorgende Vader!

Ons moet versigtig wees om hierdie vers nie moralistiese te sien nie. Dit is dat kinders van God vertoon sondeloosheid en beter waardes as die wêreld. In kinders van God se goeie werke wys iets anders – dat hulle in die liefde van God as Versorgende Vader leef.

4. Ons kan dit met die kindersorg van ouers vergelyk.

Mense wat ingesteld is om vir hul kinders te kan sorg kwalifiseer hulle self vir ‘n behoorlike werk. Hulle kry en is professioneel in hulle werk. Hulle is selftevrede in en met hulle werk want hulle wil hulle kinders versorg.

Kinders weet nie regtig wat hulle ouers se werk behels nie. Is nie betrokke in hulle werk en is nie blootgestel aan die eise van hul ouers se werk nie. Hulle ouers steun ook nie op hulle in die sin van bemoediging of erkenning vir die werk wat hulle doen nie. Versorgende ouers sorg self vir hul werk om alles wat hulle kinders van hulle as ouers nodig het te voorsien. Hulle kinders is kommervry oor die werk wat hul ouers doen en die sorg wat hul ouers voorsien.

Hierdie kommer vryheid oor ouers se werk sien ‘n mens in versorgde kinders. Hulle fokus op die skoolwerk wat hulle moet doen. Is gemotiveerd, besorgd, noukeurig en met selfvertoue besig met die skool werk en aktiwiteite wat hulle moet doen. Kommer vryheid oor ouersorg wys so duidelik in versorgde kinders. Dit is die betekenis van die Here se woorde: ”Laat julle lig so voor mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik.”

In God se kinders se kommerlose sorgsaamheid in goeie werke wys God se sorg in sy kinders.

In verwaarloosde kinders sien ‘n mens die bekommernis van kinders wat moet doen wat ouers moes gedoen het. Hulle is nie gefokus op hulle goeie werke nie want hulle dink daaraan dat hulle self moet gaan werk om versorg te wees. Hulle is nie gemotiveerd in hulle goeie werke nie want hulle is bekommerd of oor hulle ouers gaan werk het, hul werk goed gedoen het of verloor het. Hulle is nie besorg oor hulle eie werke nie maar besorg of hulle weer die ongelukkigheid van ouers moet gaan dra wat die las van hul werk op hulle kinders uithaal. Daarom dink hulle daaraan om hulle eie werke te los  en hul ouers se werk te gaan doen om versorg te wees.

God maak ons kommervry oor sy sorg en sorgsaam in ons eie werk

So sien ‘n mens in kinders se bekommernis oor hulle versorging die slegtheid van hul ouers. God se kinders verheerlik Hom in die kommerloosheid oor sy sorg waarin hulle sorg vir die goeie werke waarmee hulle besig moet wees. Ons mag god nie verneder deur kommervol te wees oor sy sorg en daarom gefokus te wees op God se wêreldplan en bestuur nie.

5. Gewettigde kinderarbeid! Kinders wat nie kinders kan wees nie maar moet werk om te help geld verdien vir hul eie versorging. Dit is die ergste vorm van die misbruik en uitbuiting van kinders wat daar is. Onversorgde kinders wat deel van die arbeidsmark moet wees omdat hulle ouers hulle nie kan versorg nie.

Dit is hoekom Jesus Christus vir sy dissipels sê hulle mag nie besig wees met die tye en geleenthede waarin God die Vader besig is met sy wêreldplan en sy bestuur van wêreldgebeure nie. God bedryf nie kinderarbeid nie. Hy is nie ‘n God wat te veel kinders het om voor te sorg en nie sy werk behoorlik kan doen en daarom kinders vir sy werk moet inspan nie. God die Vader sorg vir alles  waarvoor Hy as god moet sorg sodat sy kinders kommerloos en onbevange oor wat god se werk is besig kan wees met hulle goeie werke as mense.

Dit is die werklike drif in die kerke se nuwe aksies in die gemeenskap wat hulle voorhou as die kerk se missionaliteit. Hulle hou voor asof God se kinders God se visie en missie met die wêreld moet ken, sy plan vir die wêreld. Hulle preek en gee boodskappies dat God se kinders by God se werk in die wêreld moet betrokke raak. Hulle moet hulle nou kamstig met God se sake besig hou en hulle moet hulle oor God se sake in die wêreld bekommer. So moet God se kinders die spesifieke tye en geleenthede van God se wêreldplan en wêreldbestuur besig hou.

Hoekom?

Omdat God nie gedoen kan kry wat Hy moet nie en nou van kinderarbeid gebruik maak. En hierdie God wat nie kan doen wat Hy moet nie maar sy kinders vir sy werke gebruik, wys in hulle. In hulle angs, drif en eie waan dat hulle nou die mede-bestuurders, mede-direkteure, medewerkers en mede-kenners van God se wêreldplan is, versaak hulle die gewone goeie werke waarmee kinders van God moes besig gewees het. Daarvan kan almal  rondom hulle getuig. In hulle magsdrif om met goddelike dinge besig te wees, is die kommervrye kindwees van kinders wat God as versorgende Vader het, verlore. In magtige mense kan God nie verheerlik word as sorgsame Vader nie.

6. Dit is die vraag wat ons op die grens tussen 2023 en 2024 moet vra: wat gaan in ons as kinders van God sigbaar wees?

Gaan ons God se getuies in die wêreld wees of mede-kenners en bestuurders van God se wêreldplan?

God se kinders is sy getuies in die wêreld. Hulle ken die mag waarmee die Here Jesus al hul sondes wegvat elke dag, hul elke dag in God de Vader se liefde laat leef, ten spyte van al hul sondige neigings en hoe God met sy mag sy kinders deel van die koninkryk se geregtigheid maak – om sy kinders in te sluit en te laat deel in Christus se geregtigheid as mens omdat Hy Christus in hulle ongeregtighede in

gesluit het. En so ken hulle die mag dat Hy alleen die beskikker van die wêreldgebeure is, sonder hulle inspraak, hulp of betrokkenheid. Hulle is kinders wat kommerloos besorgd is oor hulle goeie werke en so God verheerlik.

Binne die kwaad in die wêreld, doen kommervry hulle hulle goeie werke. (Mat. 6:34)

Die missionale geestelikes is weer besig om al die onheile en kwaad in die wêreld aan ons te dramatiseer om ons so bekommerd te maak dat ons wil betrokke raak by God se wêreldplan. Hulle kan in tye en geleenthede vir mense wys wat God se visie en missie is en hoe mense deel van God se visie en missie moet word. Hulle bemagtig kinders van God as geestelike leiers in die wêreld wat met God se sake en God se dinge besig moet wees.

En so maak hulle gelowiges weer ‘n keer vir 2024 mense in wie se goeie werke jy nie hul Vader sal kan verheerlik nie want hulle is die mense wat nou verheerlik moet word vir God se sake en God se besluite.

Kom ons verwerp hierdie angstige drif wat ook Jesus se dissipels gehad het om mede-kenners en bestuurders van God se koninkryk te wil wees. Kom ons leef kommervry in die kwaad van elke dag, besig met ons goeie werke, omdat ons weet ons is versorg in God se liefde en krag.

Dan kan niemand in 2024 ons weer ‘n keer opruí met angs oor al die kwaad wat God nie onder beheer sou kon kry en daarom sy helpers wil word nie. Kom ons verheerlik ons Vader in die kommervryheid van die sekerheid van sy daaglikse sorg.